- Liturgiese oomblik (Groot bakke water by voordeure- mense wat hul hand daarin druk en vir hul se, ek is gedoop, ek is geliefd)
- Tema: Die grootste oomblik in jou lewe.

Goeiemôre en hartlik welkom.

Ons wil graag net seker maak dat elkeen van julle ‘n jaarprogram vir 2022 het. Indien jou dienswerker dit nog nie by jou afgelaai het nie, kan jy in die voorportaal gerus een neem.

Vanoggend is ’n getuienis. En vanoggend is ‘n boodskap wat my na aan die hart lê. Maar ek weet hierdie getuienis, soos elke getuienis, is maar net voolopig. Dit is die samestelling van my kort lewe (29 jaar) se dink, lees en gesels. As ek vanoggend iets in my getuienis noem waarmee jy nie saamstem nie, of waaroor jy verder wil gesels, bel my gerus. Ek sal graag by jou wil leer of saam soek na ‘n beter verstaan.

So vroeg in die Nuwejaar, neem en aan daar is baie van ons wat so met die terugkeer werk/kantoor toe, bietjie wonder oor hoe kan ek my spasies anders inrig. Hoe kan ek my kantoor bietjie skuif? My lessenaar reg pak? ‘’n nuwe foto iewers opsit? Bietjie ‘n vars briesie in blaas.. Ek het ‘n ruk gelede gelees van ‘n besigheidsman wat hierdie gedagte van Henri Nouwen bo op sy rekenaar by die werk geplak het. Ek dink dit is baie toepaslik, en wonderlik om te onthou, ek deel dit met julle:

*You are not what you do, although you do a lot. You are not what you have collected in terms of friendships and connections, although you might have many. You are not the popularity that you have received. You are not the success of your work. You are not what people say about you, whether they speak well or whether they speak poorly about you. All these things that keep you quite busy, quite occupied, and often quite preoccupied are not telling the truth about who you are. I am here to remind you in the name of God that you are the Beloved Daughters and Sons of God, and that God says to you, “I have called you from all eternity and you are engraved from all eternity in the palms of my hands. You are mine. You belong to me, and I love you with an everlasting love.”*

Ek dink nogal daar sal ‘n verandering in jou plaasvind as jy elke dag hierdie aanhaling lees. Ek glo jy sal minder rond kyk, en meer na binne kyk. Ek glo jy sal meer van bo na onder leef, as van onder na bo…

- Sing: L 163- Soos ‘n wildsbok
- Sing: L164- Ons is almal hier tesaam (v 1,2)

Gebed:

- Sing: L 508- Vaste Rost op wie ek bou v 1,2 (een op wie ek kan vertrou)
- Sing: L 334- God is liefde juig ons harte v 1,2,3

Ons lees elke week ‘n teks vanuit die Bybel. Hierdie teks word aangedui op die jaarprogram, so jy kan vooraf saamlees. Vanoggend lees ons Lukas 3:15-22.

15. Die volk was vol verwagting, en almal het hulle begin afvra of Johannes nie miskien die Christus is nie.
16. Daarop gee Johannes aan hulle almal die antwoord: "Ek doop julle met water, maar my meerdere kom, en ek is nie eers werd om sy skoene los te maak nie. Hy sal julle met die Heilige Gees en met vuur doop.
17. Hy het sy skop in sy hand, en Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak. Die koring sal Hy in sy skuur bymekaarbring, maar die kaf sal Hy met onblusbare vuur verbrand."

21. Toe al die mense hulle laat doop het, is Jesus ook gedoop, en terwyl Hy staan en bid, het die hemel oopgegaan
22. en het die Heilige Gees in sigbare gestalte soos 'n duif op Hom neergedaal. Daar was ook 'n stem uit die hemel: "Jy is my geliefde Seun. Oor Jou verheug Ek My."

(Stilte- Water drink oomblik)..

Dit is nou al meer as 5 maande sedert ek en my vrou in die mooi **Pastorie in Gazania laan ingetrek** het. En ons woon heerlik en geniet dit baie. Maar tog, met so baie spasie (en net 2 mense) loer jy gedurig na ‘n vertrek en dan sê jy vir jouself**, kan ons nie, maar hierdie hier skuif**, of daardie daar hang nie.  Oor die **afgelope 5 maande** was die maatband nooit vêr weggesit nie. Meet vir die gordyne hang, meet of die bank daar sal inpas. Meet hoe groot die vloer oppervlakte is? Meet om die spyker op die regte plek in die muur in te **kap. MEET MEET MEET**.

En dit is nou waar van my huis, maar is dit nie hoe ons as mense ook omgaan met mekaar nie. Ek lees in die teks van **Johannes wat se Jesus is my meerdere.** Ek meet en ek bevind dat **hy is belangriker as ek.** Ek meet hoe ek mense **doop, maar** my maatband sê vir my, hy doop mense met soveel meer. Vers 17- hy is die een wat op die ou einde almal sal **kom meet.**

Maar tog, om hierdie meet metafoor verder te neem, is dit wat ek gereeld by mense hoor. En veral by gelowiges. Want ons meet heeltyd, en ons is heeltyd bekommerd **of ons God genoeg lief het.**

- Doen ek genoeg vir **God**?
- Bring ek genoeg **offers**?
- Is my **kollekte of dankbaarheidsoffer** genoeg?
- Het ek **genoeg gebid**?
- Genoeg **dankie gesê?**
- Was ek genoeg in **die kerk of** genoeg by die selgroep?

Ons meet onsself heeltyd aan **die Bybel en aan ander mense**. Hierdie ervaring gaan ons nie onveranderd laat nie. So ervaring, om so te meet Skep **geloofs angs.** Want jy wonder heeltyd? Was dit genoeg? Ek hoor dit so gereeld in my spreekkamer. **Dit is sekerlik die ding wat ek die meeste hoor** en dikwels selfs ook voel en ervaar. Dominee ek **lees nie genoeg Bybel nie. Dominee ek bid nie genoeg nie. Dominee ek kom nie genoeg ker**k toe nie.

**So lewe is: 'n Lewe van onder na Bo. Van hier onder, na daar bo.**

Dit is amper asof ons God probeer oortuig om **ons lief te hê en dat God vir ons 'n plek in die Hemel gee.** Dit is 'n geloof in **God wat ons bangmaak... 'n Angs** geloof.

En julle as mede gelowiges moet regtig ons in **2022 help dat Kraggakamma gemeente ook nie in hierdie strik (van meet en meet en meet) trap nie.** Want 'n kerk kan so maklik ook deelneem aan hierdie angstige manier, 'n kerk wat heeltyd meet en tel:

- Hoeveel mense was daar **verlede Sondag in die diens**?
- Wat was **verlede Sondag** se dankoffer?
- Wat het **hierdie wyk** ingebring?
- Wat het ons **Kersmark ingebring**?
- Hoe het ons **lidmaatskap getal** gegroei of gedaal in 2021?
- Ons **sien Lorraine en Summerstrand** het nou hierdie gedoen, ons gemeente moet ook tog asseblief dieselfde doen?
- Of soos Johannes vir Jesus meet, doen ons dit ook met mekaar, het jy daardie **Diep of groot gelowige oom of tannie ontmoet?**

So 'n manier van lewe, getuig van**: 'n Lewe van onder na Bo. Van hier onder, na daar bo.**

Ons probeer God oortuig om **ons lief te hê en dat God vir ons 'n plek in die Hemel gee.** Dit is 'n geloof in **God wat ons bangmaak... 'n Angs** geloof.

(Maar)

Daar is ook die ander gelowiges. **'n Ander manier van dink en leef.**

Daar is daardie kinders **van gesonde gelowiges**. Die kinders is **geanker in hul ouers se liefd**e. Daardie seun of dogter weet dat ongeag hoe hul droogmaak, of watter keuses hul maak**, Pa en Ma bly lief vir hulle**. Pa en Ma kan dalk soms teleurgestel wees, maar hulle weet **hulle is en hulle bly hulle PA en Ma se kind.**

Nou dit is nie net waar in hulle eie families nie, maar ook in die **geloof-familie.**

Daar is gelowiges wat so leef; ek is God se kind, ek is God se geliefde. **Hierdie soort geloof leef van Bo na onder. Die lewe van daarbo na hieronder. Top Down, not bottom UP.**

Hierdie geloof weet **dat God hulle genoeg en goed genoeg lief het**.

Hulle hoef nie vir God te oortuig om **hulle lief te hê nie.**

'n **Ontspanne geloof. Nie 'n geloof wat 'n pyn is nie, maar 'n vreugde**.

Ek hoef nie Bybel te lees, om vir God te wys ek is gehoorsaam nie, **ek lees want ek weet ek is God se kind...**

Ek hoef nie kerk toe te kom, sodat ek 'n paar regmerkies langs my naam kan kry nie, **ek kom kerk toe, want ek weet ek is God se geliefde**. Of as God se geliefde leef ek **kerk by die we**rk, of kerk waarookal ek myself bevind.

Tog maak dit jou nie volmaak nie, maar jy weet jy bly 'n geliefde. Die enige geliefde van God.

Hierdie beweging is van Bo na onder....

As ons weer na vanoggend se teks kyk, en meer spesifiek na Vers 21 en 22:

21. Toe al die mense hulle laat doop het, is Jesus ook gedoop, en terwyl Hy staan en bid, het die hemel oopgegaan
22. en het die Heilige Gees in sigbare gestalte soos 'n duif op Hom **neergedaal**. Daar was ook 'n **stem uit die hemel:** "Jy is my geliefde Seun. Oor Jou verheug Ek My."

Dit is en bly vir my hartseer, dat soveel mense vashaak by hierdie teks en dit as blo**udruk gebruik vir grootdoop**. Mense wat sal opmerk: Kyk, hier staan dit nou, Jesus is groot gedoop- ons moet ook gedoop word. Jesus het dit gedoen, ons moet dit ook doen. **Sulke opmerking vêr verwyderd van die eerste lesers se konteks hoor mens gereeld.** Wat ek egter hoor en lees in die teks is:

- Die Hemel het oopgegaan.. Daar was 'n doop, en die hemel **was oop**.
- Soos 'n duif op hom neergedaal. iets daal net neer as dit **van bo afkom**.
- 'n Stem uit die hemel. Die hemel d**aarb**o.

So die hele teks is vir my 'n Gebeurtenis van bo na onder. **Van bokant na onder.** **Van God na Mense**. **Van die Vader na die Kind**...Dit is die beweging van die doop**.. Jesus maak geen verklaring/ belofte of geloftes nie, hy moet nie eers homself laat voorstel, 3 vrae antwoord of belydenis van geloof aflê nie, al wat hy doen, is hy ontvang dit**... Die Vader bely sy liefde vir die seun..

En dan hoor Jesus, Jy is my geliefde...In jou vind en my welbehae.

Die doop is die beweging van bo na onder**.... Geloof is om te leef van bo na onder.**

(stilte)

En moet asseblief nie te vinnig oor die woorde van God lees nie. Die Bybel is nie gemaak om vinnig gelees te word nie.

Ons lees:

Jy is my geliefde seun...

As jy dit stadig lees en ontleed en oor en oor en oor lees, dan lees ek dievolgende:

**Jy is- Hier het ons met Identiteit te doen**.. Wie jy is.. Jy is.. Ons diepste wese van behoort.

**My geliefde- Geliefde. Ons is geli**efd en daarom is ek en jy in staat om ander lief te hê. Niemand kan ooit die liefde van my en jou wegvat nie.

**Seun- Ons is nie God nie, ons is maarnet een van sy kinders. D**it is belangrik om dit te onthou, want ons vergeet so dikwels, ons dink ons is God . Ons is die een wat vir almal moet sorg, ons is die een wat ander se lewens moet rig en bestuur. Ons is n net die kind. Net die kind wat poog om in gehoorsaamheid met liefde te leef....

En as jy hierdie woorde van jouself glo- as dit jou identiteit aanraak- as jy dit kan g**lo diep in jou hart van jouself, dan moet jy dit ook van ander glo**. Dan moet jy kan ry en in **Govan Mbeki laan vir**

**jouself sê, daar loop iemand wat ook God se geliefde seun of dogter** is. Of in d**ie Poskantoor by Newtonpark**, daar werk God se geliefde seun of dogter. Of in die lang ry met die mense wat so hard praat voor jou, daar is God se geliefde seun en dogter. Of op ‘n Donderdagoggend as jy **jou vullissak** neersit en iemand staan daar reg daarom weer oop te maak en te soek na iets om te eet.

Vriende, Jesus se doop leer ons oor en van die doop... **Die doop is die simbool van God se liefde vir ons. V**anoggend gesels ons nou baie oor die doop, maar ons doop geen baba hier vanoggend nie. Dit is omdat dit juis die punt is, die teks, die boodskap moet vir my en vir jou terugvat na ons eie doop toe.

As jy my nou oor my eie doop sou vra, dan is my getuienis die volgende:

Op die 24ste Mei 1992, in die Pragtige Kerkgebou van Heidelberg (Suid-Kaap**) is ek gedoop. Julle sal sien my ouers daar op die foto is ook hier vanoggend, hulle is soos ek, ook byna 30 jaar ouer**. My haarlyn is ook nog dieselfde. Maar byna 30 jaar later, as jy vir my sou vra, wat is die spesiaalste dag in my lewe, dan is dit nie my verjaarsdag

- 8 April 1992- Verjaarsdag

Of my

- 14 April 2017- Huweliksherdenking

Of die dag wat ek hier byjulle gemeente begin het (1 Augustus 2021) nie, nee dit is

- 24 Mei 1992 - Toit Doopdag

Elke keer as ek ‘n doop sien, of ‘n doop beleef, of ‘n doop doen- dan dink ek weer **terug aan 24 Mei...dit is op my kalender, net soos my vrou se doopdatum en ons fier fees elke jaar op daardie dag... En** dit is vir my so uniek en so spesiaal, dat ek geensins die behoefte het om myself weer te laat doop nie. Want as ek voel ek moet nou meer doen, of weer onthou, dan dink ek net terug aan 24 Mei 1992...

Ek dink Jesus sou ook gereeld terugdink aan sy doopdag. Dalk toe hy kort na sy doop tyd **in die woestyn** moes deurbring. En t.s.v. die dors, die honger en die versoeking, wonder ek of hy vir homself sou herinner- ek is gedoop.. Ek is geliefd. God **vind in my sy vreugde.... En ek wonder later toe hy die kruis moes dra, of hy vir homself sou herinner van daardie dag by die Jordaan, ek is gedoop, ek is geliefd... God vind in my sy vreugde... Ek is God se geliefde kind**... So word die doop nie net nog ‘n dag nie- maar dit word DIE DAG...

**So as ek my lewe, of my jaarprogram vir julle moet teken, dan sal ek vir jul se, dat my jaar bestaan dat ek wil leef van Bo na onder. En my my geloofslewe draai rondom die doop**... Geliefde... Jan/Feb./Maart/Apr/ Mei/Jun.

- Geloof is om **van bo na onder te leef**.
- Geloof is om vanuit **die doop na vandag te leef.**
- Geloof is om te leef vanuit, ek is ‘n geliefde en daarom kan ek liefhê.
- Geloof is om die vrees te laat gaan en in vertroue van wie God is te leef...

Daarom gaan ons nou na ’n kort uittreksel luister van Bethel se bekende lied. No Longer slaves. Die koor gedeelte van die lied sê dit so mooi, **I am no longer slaves of fear I am a child of God.**

- **Luister lied van Bethel: I Am a child of God...**

Ek sluit af:

Twyfel en wonder is menslik... jy mag maar. Maar gaan terug na die **doopvont en doopbak toe. En skep en onthou- Jy is geliefd**. Wanneer jy vanoggend gaan uitstap, dan sal die groot bak met water daar staan, onthou, jy is geliefd... Jy is gedoop. Jy is God se kind. **Leef nie vanuit die vraag of ek goed genoeg is nie, maar leef vanuit die wete dat God is genoeg.. Goeg genoeg.. Oorgenoeg! Amen**

- Slotlied: Sing: Verwerking van L292 My enigste troos in lewe en dood. En belangrik ons sing (niks sal hom ook van my kan skei).. Want dit is waarlik waaroor die doop handel.

Ons het begin deur vir mekaar te sê wat jy in jou kantoor kan opsit. Daar word vertel dat Martin Luther, oraloor sy werkspasie en woon spasie 1 ding opgesit het. Die **woorde: Ek is gedoop... Ek is gedoop. Ek is gedoop. God is God genoeg.**

Ek wil jou uitnooi, dat as jy hier vanoggend uitstap, **dat jy jou hand in die bak water in die voorportaal, of in die fontein buite die kerkgebou** sal steek. En wanneer jy dit doen, herinner jouself **dat jy ook is "gedoop**"....

- Seënbede: Gaan leef van bo na onder. Jy is gedoop. Jy is geliefd. Jy is en bly God se kind.

Amen!